


3 Die rol van die Regering as 'n vervaardiger en verbruiker van goedere en dienste:

- Suid-Afrika het 'n gemengde markeconomie (ook bekend as 'n stelsel van beheerde kapitalisme).
 - Dit beteken dat die regering betrokke is by sekere ekonomiese aktiwiteite wanneer hulle ekonomiese dienste lewer wat private besighede (die privaatsektor) nie lewer nie. Wanneer die **Regering goedere en dienste produseer** tree dit op as 'n entrepreneur / vervaardiger.
 - Maar terselfdertyd **is die regering ook 'n verbruiker** van sekere goedere en dienste wat deur die privaatsektor gelewer word.



3.1 Regering as 'n Vervaardiger:

- Die Regering tree op as 'n entrepreneur wanneer dit goedere en dienste produseer wat die privaatsektor nie wil lewer nie, omdat daar nie genoeg wins gemaak kan word hieruit nie. Voorbeelde sluit in:
 - vullisverwydering
 - die skep en onderhoud van openbare parke
 - die begin van 'n polisie diens of 'n verdedigingsmag om die burgers te beskerm teen moontlike toekomstige bedreigings.
 - oprigting van howe en tronke om 'n wetlike stelsel in die land te skep.
 - openbare biblioteke.
 - openbare swembaddens.
- Soms is die kapitaaluitleg te groot vir private entrepreneurs om hierdie tipe "besighede" te begin of die private entrepreneurs voel dat hulle te lank sal moet wag voor hulle 'n wins sal

kan genereer. Die Regering kan hierdie dienste begin lewer en dit dan later privaatiseer. Privatisering beteken die privaatsektor (privaat-entrepreneurs), neem die besighede oor en slaag daarin om 'n wins te maak. Voorbeelde van dienste wat 'n groot kapitaaluitleg verg, sluit in:

- die bou van treinspore, hawens en lughawens.
- die oprigting van 'n telefoon-netwerk, landlyne en kables.
- die oprigting en vestiging van 'n elektrisiteitsnetwerk.
- voorsiening van skoon water aan die landsburgers.
- Soms sal die Regering sekere dienste aan die publiek lewer teen 'n laer koers as wat private entrepreneurs sal vra vir dieselfde diens. Dink aan:
 - Skole
 - Dokters en hospitale
- **Waar kry die Regering geld om al hierdie dienste aan die burgers van die land te kan lewer?** Die antwoord is:
 - van verskeie soorte belastinge
 - die regering vereis inkomstebelasting van persone (belasting op hul salarisse) en besighede (belasting op hul winste).
 - enigeen wat produkte en dienste in Suid-Afrika koop, moet BTW (Belasting op Toegevoegde Waarde) betaal. Sommige goedere soos vrugte, groente, melk, lampolie, petrol en diesel is nulkoersbelasting wat beteken daar word geen BTW op hierdie produkte gehef nie.
 - Alhoewel daar geen BTW op petrol en diesel gehef word nie, is daar ander regeringsheffings wat verbruikers hierop betaal.
 - soms laat die regering die publiek betaal vir die gebruik van fasiliteite.
 - Mense betaal vir die gebruik van 'n openbare swembad of vir die gebruik van biblioteekdienste
 - Mense betaal skoolgeld in 'n regeringskool of hulle betaal 'n klein bedrag om 'n regeringsdokter te spreek of vir toegang tot 'n regeringshospitaal of -kliniek.

Aktiwiteit 3

- 1 Vind 'n artikel in die koerant wat wys hoe die regering die inkomste, verkry van belastingbetalers, gebruik het om die infrastruktuur van die land te verbeter. Verskaf 'n kort opsomming van jou artikel in die spasie hieronder. Gee asseblief die korrekte bronverwysing van jou artikel.

2 Verduidelik hoe die regering se pogings om dienste en infrastruktuur te verskaf, die lewe van die mense in die land verbeter.

3 Behalwe vir polisie- en onderwysfasiliteite, watter ander dienste verskaf die regering van SA aan sy mense?

3.2 Die Regering as verbruiker:

Die SA-regering het 'n klomp mense in diens in die openbare sektor. Om seker te maak dat elke persoon sy/haar werk kan doen, moet die Regering sekere produkte en dienste by die privaatsektor koop.

